BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES

Die uitbreiding van die kerk na Pinkster.

Tien dae voor Pinkster, was dit nie vir die dissipels moontlik om Jesus se getuienis na buite te wees nie. Dit het Pinkster gekos om hulle te verander.

- Voor Pinkster het Petrus vir Jesus verloën en gevlug. Dieselfde Petrus preek nou met vrymoedigheid na Pinkster. Hy vrees nie meer enige van Jesus se vyande nie.
- So is dit ook met die ander dissipels. Rondom die kruisiging het hulle gevlug. Na Pinkster is hulle 'n stille en onstuitbare krag. Wanneer hulle deur die Joodse Raad verbied word om Jesus se Naam te verkondig, weier hulle om gehoor te gee [Hand.4:20; vgl. 5:29].

Natuurlik moet ons nie die dissipels en apostels idealiseer nie. Hulle het nie altyd op die hoogtepunt van vervulling met die Heilige Gees gewerk en geleef nie.

- Petrus is weer 'n voorbeeld hiervan. Sy vrees vir die Jode het teruggekeer sodat Paulus hom moes bestraf. Ook Barnabas het aan hierdie vrees toegegee. Op die wyse het Petrus en Barnabas die uitbreiding van die evangelie bemoeilik [Gal. 2:11-21]. Wie gedoop is met die Heilige Gees, ontvang nie onmiddellik volle heiligmaking nie. Die ou mens van sonde moet al strydende deur die lewe gedood word. Eers by sy dood word die sonde volkome afgesterwe.

1. LEES Handelinge 13:2,4; 16:6,7.
   Wat leer hierdie gedeeltes ons oor die Heilige Gees en sending?

2. Aan wie word die Gees gegee en wat is die gevolg daarvan? Wat leer ons uit Romeine 8:9 en 1 Korintiërs 12:13?

In die tydperk voor die hemelvaart, het ons aandag gegee aan die doop met die Heilige Gees. Ons moet nader hierna kyk. Dit is veral oor hierdie saak dat die sienswyses van die gereformeerdes en die Pinkstergroepe uiteengaan. Vir hulle is die doop met die Heilige Gees 'n tweede ervaring wat mense wat tot geloof gekom het weer moet beleef.

3. LEES Matteus 3:11; Markus 1:8; Lukas 3:16 en Johannes 1:33.
   Wat leer hierdie gedeelte ons oor die doop met die doop met die Heilige Gees?

4. LEES Handelinge 1:5 en 2:1-3.
Wat sê Jesus in Handelinge 1:5 aan sy dissipels?
Wanneer het dit met hulle gebeur?

5. LEES Handelinge 2:4.
Wat gebeur direk na die doop met die Heilige Gees?

6. LEES Handelinge 10:44; 11:15,16; 1 Johannes 2:20,27.
Wat beteken dit om met die Heilige Gees gedoop te wees?

7. LEES Efesiërs 5:18 en Galasiërs 5:16.
Wat beteken dit om vervul te wees met die Heilige Gees?

B. ANTWOORDE.

1. Die Heilige Gees is die groot Sendeling. Hy neem besondere leiding in die uitstuur van Paulus en Barnabas in Antiogië [13:2,4]. Hy stuur en rig ook die sendingwerk. Paulus en sy metgeselle word op 'n bepaalde geleentheid verhinder om die Woord in Asië te verkondig [16:6,7]. Hulle moes na Europa, na Masedonië gaan.
2. In hierdie gedeeltes praat Paulus met gelowiges. Een kenmerk van 'n ware gelowige is dat God deur sy Gees persoonlik in jou woon [Rom.8:9]. Hierdie persoonlike verhouding wat God deur die Gees met jou tot stand bring, is 'n ewige verhouding. Jou verantwoordelikheid is dat jy jou lewe nou deur sy Gees sal laat beheers [8:4]. Sonder God se Gees kan niemand 'n Christen wees nie. 1 Korintiërs 12:13 neem dit 'n stappie verder. Gelowiges is saamgebind tot 'n hegte eenheid in Christus. Wanneer 'n mens 'n Christen word, neem die Heilige Gees jou lewe oor en word jy deel van God se familie – dit is van die kerk.

So word die Heilige Gees gegee aan elke gelowige persoonlik maar ook aan die kerk as geheel.

3. Hier is die eerste keer waar van doop met die Heilige Gees gepraat word. Johannes die Doper is besig om met water te doop toe Jesus na hom toe kom om gedoop te word. Dan wys Johannes na Jesus wat nie met water sal doop nie, maar met die Heilige Gees. So wys Johannes van sy waterdoop na Jesus wat met die Heilige Gees sal doop. Sy water doen maar net 'n beroep op die dopelinge om hulle te bekeer sodat hulle vergifnis van sonde kan ontvang. Maar Jesus doop met die Heilige Gees wat werklik harte verander en nuwe lewe gee.
4. In Handelinge 1:5 sê Jesus met 'n duidelike terugwysing na Johannes se doop, dat die apostels in Jerusalem moet wag totdat hulle met die Heilige Gees gedoop word.
   Wat Jesus hier in die vooruitsig stel, gebeur op Pinksterdag. Die doop met die Heilige Gees word aan ons verduidelik in Handelinge 2:1-3. Terwyl die tekens en geluid van wind en die sigbare tonge van vuur gekom het, is hulle gedoop met die Heilige Gees.
5. Daarna word hulle onmiddellik vervul met die Heilige Gees.
6. Dit beteken niks anders nie as om wedergebore te wees. So is die doop met die Heilige Gees nie 'n voortgesette proses nie, maar daardie eerste gebeurtenis wanneer die Heilige Gees in ons kom woning maak.
7. Vervul beteken om voortdurend en al meer en meer met die Gees vervul en geheilig te word. Namate die geloof groei en die heiligmaking toeneem, word iemand al meer vervul met die Heilige Gees.

****